higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEMARKINGSNAVORSING N6

(4030086)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BEMARKINGSNAVORSING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

NOTA: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Haal ALLE werk wat jy NIE nagesien wil hê nie, duidelik deur.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Tydens bemarkingsnavorsing word (sistematiese/strategiese) beplanning in al die fases van die proses vereis.

1.1.2 'n Oudit is 'n gewilde manier om data by (kleinhandelaars/ verbruikers) te kry.

1.1.3 Kwalitatiewe navorsing vereis 'n (klein/groot) aantal verteenwoordigende gevalle.

1.1.4 'n (Ongestuktureerde en indirekte/Gestruktureerde en direkte) vorm van ondervraging is 'n beskermende tegniek.

1.1.5 'n Sensus behels 'n (volledige/gedeeltelike) ontleding van die elemente van 'n bevolking.

1.1.6 Beeldnavorsing ('image research') sal kyk hoe (verbruikers/ mededingers) die organisasie beskou – negatief of positief.

1.1.7 Die besluitondersteuningstelsel (BOS) bestaan uit apparatuur ('hardware') en programmatuur ('software') en word gebruik om (gestruktureerde/ongestruktureerde) probleme op te los.

1.1.8 Tydens oudits versamel die navorser (persoonlik/meganies) data.

1.1.9 Niemetriese data is (kwantitatief/kwalitatief) en word nie in terme van getalle gemeet nie.

1.1.10 Gebied en digtheid is kriteria vir (demografiese/geografiese) bemarkingsegmentering.

(10 × 1) (10)

1.2 Noem die AGT stappe van toetsbemarking in die korrekte volgorde. (8)

1.3 Verduidelik die AGT stappe van die bemarkingsnavorsingsproses. (8 × 4) (32)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die rol van bemarkingsnavorsing in elk van die volgende fases van die produklewensiklus:

2.1.1 Inleidingsfase

2.1.2 Groeifase

(10 × 2) (20)

2.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om objektief te bly met die skryf van 'n bemarkingsnavorsingsverslag. (5 × 2) (10)

2.3 Noem VYF beginsels en voorwaardes vir die keuse van 'n steekproef in bemarkingsnavorsing. (5 × 2) (10)

2.4 Verduidelik VYF metodes van waarneming om primêre data te bekom. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Beskryf kortliks DRIE metodes van verkoopontleding. (3 × 2) (6)

3.2 Noem SES faktore wat belangrik is vir die beoordeling van sekondêre data. (6)

3.3 Verduidelik die VIER basiese meetskale en gee 'n voorbeeld van elk. (4 × 3) (12)

3.4 Bespreek die rol wat bemarkingsnavorsing in die bemarkingskonsep speel. (5 × 2) (10)

3.5 Gee VIER riglyne wat 'n navorser moet volg wanneer hy veldwerkers uitsoek. (8)

3.6 Verduidelik die rol van bemarkingsnavorsing in die afnamefase van die produklewensiklus. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die rol van bemarkingsnavorsing in die besluitnemingproses. (5 × 2) (10)

4.2 Verduidelik elk van die volgende doeleindes van 'n goeie meetskaal:

4.2.1 Betroubaarheid

4.2.2 Toepaslikheid ('relevance')

4.2.3 Veelsydigheid

4.2.4 Gemak van beantwoording

(4 × 2) (8)

4.3 Verduidelik kortliks die AGT stappe vir die ontwerp van 'n goeie vraelys. (8 × 2) (16)

4.4 Onderskei tussen DRIE navorsingsontwerpe in bemarkingsnavorsing. (3 × 2) (6)

4.5 Gee VYF riglyne om 'n professionele verslag te skryf. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks VIER kwantitatiewe metodes van voorspelling. (4 × 2) (8)

5.2 Definieer die term *projeksietegniek* en gee TWEE voordele en TWEE nadele van hierdie tegniek. (10)

5.3 Verduidelik die VYF stappe in steekproefontwerp ('sample design'). (5 × 2) (10)

5.4 Onderskei tussen die volgende vereistes in die keuse van die ontledingsmetode:

5.4.1 Metries versus niemetries

5.4.2 Afhanklikheid versus interafhanklikheid

(2 × 4) (8)

5.5 Verduidelik kortliks elk van die volgende antwoordfoute ('response errors') en noem hoe elke fout verklein ('minimise') kan word:

5.5.1 Onbekwaamheidsfout

5.5.2 Optekeningsfout

5.5.3 Kulleryfout ('cheating error')

(3 × 3) (9)

5.6 Noem VYF soorte verslae. (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou